**Die Here Jesus leer oor die koninkryk (OP197)**

**Mat 19:23-28**

**10 November 2024**

Ons is steeds besig om die Dawidverbond te bestudeer. Ons het reeds gekyk na die instelling van die verbond en na die ontwikkeling in die verbond tydens die Ou Testamentiese geskiedenis. Laasweek het ons gekyk na die Here Jesus wat gekom het as vervulling van die belofte van die Nakomeling uit die nageslag van Dawid wat sou kom om vir ewig op die troon te sit. Ons het veral na die Matteus-evangelie gekyk wat 'n besondere klem plaas op Jesus se koms as vervulling van die Ou Testamentiese beloftes. Matteus plaas 'n besondere fokus daarop om vir ons te leer dat Jesus die Nakomeling van Dawid is, wat as Koning gekom het, wat die duiwel oorwin het, en wat nou met alle mag aan die regterhand van die Vader sit op Sy troon. Die Here Jesus het met Sy eerste koms die koninkryk van Dawid, wat ook die koninkryk van God en die koninkryk van die hemele is, kom vestig.

Vandag wil ek stilstaan by wat die Here Jesus self geleer het oor hierdie koninkryk wat Hy kom vestig het. Weereens gaan ons grotendeels gebruik maak van die Matteus-evangelie. Ek wil Jesus se lering oor die koninkryk oordink deur na die volgende punte te kyk: (1) Hoe gaan hierdie koninkryk ontwikkel, (2) Wie is burgers van hierdie koninkryk, en wie nie, (3) Hoe word mense deel van die koninkryk, en (4) Hoe tree burgers van die koninkryk op?

<u>Hoe gaan hierdie koninkryk ontwikkel?</u>

Laasweek het ons gesien Jesus het die koninkryk gevestig – Hy het die duiwel aan die kruis oorwin, Hy het daarna uitgeroep: "Dit is volbring". Na Sy opstanding en na 40 dae van onderrig aan Sy dissipels oor die sake van die koninkryk, het Hy opgevaar na die hemel en aan die regterhand van die Vader gaan sit as Koning aan Wie al die mag in die hemel en die aarde behoort. Sodoende is die koninkryk gevestig.

Maar ons het al herhaalde male gesien hierdie koninkryk is enersyds 'n wêreldwye koninkryk, en andersyds is dit 'n wêreldvreemde koninkryk. Die vraag is: Hoe gaan die koninkryk ontwikkel van 'n handjievol dissipels wat geleer is oor die koninkryk, tot 'n wêreldwye koninkryk? Wel, Jesus het dit aan die dissipels verduidelik. Lees Mat 24:13-14. Hierdie verse is deel van Jesus se profetiese rede wat Hy gegee het gedurende Sy laaste week voor die kruisiging. Hy en Sy dissipels het op die Olyfberg gesit en Hy het hulle geleer wat gaan gebeur. Ons leer in hierdie verse verskeie aspekte rakende die toekoms van die koninkryk: Eerstens leer ons nie alle mense is deel van die koninkryk nie – ons leer dat dit net diegene is wat volhard, wat verlos gaan word. Ons leer ook wat moet gebeur rakende die groei in die koninkryk – die evangelie van die koninkryk gaan verkondig moet word. Alhoewel ons nie al die detail hier leer oor die inhoud van die evangelie nie, is dit duidelik dat die boodskap van die bestaan van die koninkryk wat Jesus kom vestig het, oor die hele wêreld verkondig moet word aan al die nasies. Ons begin verstaan hoe die koninkryk wat Jesus kom vestig het, 'n wêreldwye koninkryk gaan word – die evangelie van die koninkryk moet wêreldwyd verkondig word, en ons kan aflei dat dit diegene is wat in hierdie evangelie volhard, wat verlos sal word. Ons leer ook hoe lank hierdie verkondiging moet voortduur: tot die einde toe. Die einde sal kom wanneer die koninkryksevangelie wêreldwyd verkondig is. Dit is onmiskenbaar duidelik: vir die res van die tyd is die fokus op die uitbreiding van die koninkryk deurdat dit verkondig moet word. Ons weet ook Jesus het met Sy hemelvaart juis Sy dissipels uitgestuur om die evangelie te verkondig – dit is dus die wat reeds burgers van die koninkryk is wat die koninkryksevangelie moet gaan verkondig.

Die volgende vraag is: Wat kan ons verwag aan die einde van die tyd? Lees Mat 25:31. Jesus het dit ook verduidelik tydens Sy profetiese rede. Aan die einde van die tyd, gaan Hy weer kom in heerlikheid. En dan gaan Hy op Sy troon sit om te oordeel – onthou hoe ons herhaalde male gesien het, Dawid het geoordeel, hoe die Ou Testamentiese profete aangekondig het, Dawid se Nakomeling gaan kom om te oordeel. Wel, dit is aan die einde van die tyd dat Hy gaan kom om te oordeel. En Hy gaan oordeel tussen die skape en die bokke – dit beteken Hy gaan oordeel tussen die wat in die koninkryksevangelie volhard het (dit is die skape), en die wat dit verwerp het (dit is die bokke). Ons kan dus aflei dat tot met die einde gaan die skape en die bokke gemeng wees – wel, Jesus het dit pertinent geleer in die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Mat 13:24 ev). In daardie gelykenis verduidelik Jesus hoekom Hy dit juis so doen – Hy wil seker maak dat daar nie dalk koring saam met die onkruid uitgetrek word voor die einde nie – ons sien Jesus wat as Herder besorgd is oor die koring/skape. Al met al begin ons iets verstaan dat hierdie koninkryk ook wêreldvreemd is – want die nie-burgers word vir tyd en wyl in die koninkryk geduld – tot die einde toe, voor hulle uitgewerp gaan word. Dit is so anders as wat 'n tipiese wêreldse koninkryk optree.

En wat kan die skape, d.w.s. die ware burgers van die koninkryk, verwag na die skeiding op die oordeelsdag? Lees Mat 22:1-2. Wel, hulle kan 'n bruilofsfees verwag. Hierdie bruilofsfees is in die gelykenis deur die koning vir sy seun voorberei. Ons weet dit verwys na die Bruilofsmaal van die Lam wat die Here God vir Sy Seun, die Here Jesus, voorberei het en waaraan almal wat tot die einde volhard, d.w.s. die ware burgers van die koninkryk, sal deelneem as die bruid.

Opsommend kan ons dus sê: die fokus vir die res van die bestaan van die wêreld soos wat ons dit ken, is op die groei van die Here se koninkryk. Aan die einde van die tyd, sal die Here Jesus die ware burgers van Sy koninkryk skei van die wat nie burgers is nie, en die ware burgers sal dan aansit aan Sy bruilofsmaal. Die fokus nou is dus om die gevestigde koninkryk te laat groei tot 'n wêreldwye koninkryk deurdat die burgers van die koninkryk die koninkryksevangelie verkondig.

<u>Wie is burgers van hierdie koninkryk, en wie nie?</u>

'n Krities belangrike vraag is nou: wie is burgers van hierdie wêreldwye koninkryk, en wie nie? Jesus het verskeie uitsprake hieroor gemaak. Kom ons kyk na Mat 8:5 ev. In hierdie verse het 'n Romeinse centurio Jesus gevra om sy slaaf gesond te maak. Die man was oortuig dat Jesus nie noodwendig fisies na sy slaaf toe te kom om hom gesond te maak nie. Jesus hoef maar net 'n woord te sê, en dit sal gebeur. Lees Mat 8:10-12. Jesus se reaksie hierop is dat hierdie centurio groot geloof het – selfs groter geloof as enigiemand is Israel. En dan leer Jesus ons wie wel deel is van die koninkryk, wie wel gaan aanleun in die koninkryk van die hemel, d.w.s. wie wel gaan deelneem aan die bruilofsmaal van die Lam. Jesus sê dat Abraham, Isak en Jakob daar gaan wees – wel, ons is nie verbaas nie – immers is hulle drie geloofshelde uit die Ou Testament. Maar, dan gaan Jesus verder en sê, daar gaan ook baie uit die ooste en die weste kom en hulle gaan ook aanleun. Met "ooste" en "weste" bedoel Jesus baie mense wat nie deel is van die volk Israel nie – soos onder andere ook hierdie centurio. En dan gaan Jesus in vers 12 nog verder, en sê dat baie kinders van die koninkryk nie sal aanleun nie. Hiermee bedoel Jesus baie kinders van die fisiese koninkryk van Israel, d.w.s. fisiese afstammelinge van Abraham, Isak en Jakob. Die punt is: die burgerskap van die koninkryk stem nie ooreen met die burgerskap van die fisiese volk Israel nie. Ja, sommiges van fisiese Israel se burgers sal daar wees, maar nie almal nie. En boonop sal daar baie wees uit die ooste en weste, uit ander nasies. In Mat 15:21 ev leer ons dieselfde: Daar kom die Kanaänitiese vrou na Jesus en vra dat Jesus haar dogter moet gesond maak, maar Jesus sê Hy is net na die verlore skape van Israel gestuur. Sy dring egter aan dat selfs die hondjies, d.w.s nie-Israeliete, ook darem van die krummels mag eet – en Jesus het haar gelyk gegee, d.w.s. Hy het haar erken as een wat deel is van Sy koninkryk. Let ook op: In beide

die gevalle van die centurio en die Kanaänitiese vrou, was dit hulle geloof wat tot gevolg gehad het dat hulle wel deel van die koninkryk is.

Lees Mat 21:28-31. Hier is Jesus in gesprek met die leierpriesters en familiehoofde (vers 23) en Hy vertel toe weer 'n gelykenis – die keer van twee kinders. Een kind wou nie sy pa se werk doen nie, maar het later berou gehad en dit tog gaan doen. Die ander kind het gesê hy sal sy pa se werk gaan doen, maar het dit nie gedoen nie. Jesus wou van hulle weet watter een van die twee kinders het die wil van sy pa gedoen – en hulle het korrek geantwoord: dit is die een wat die werk gaan doen het, al het hy aanvanklik gesê hy sal dit nie doen nie. En dan maak Jesus die uitspraak dat selfs tollenaars en prostitute in die koninkryk sal ingaan voor die leierpriesters en die familiehoofde. Lees vers 32. Hier maak Jesus dit duidelik hoekom die tollenaars en prostitute deel is van die koninkryk, maar nie die leierpriesters en die familiehoofde nie: Die tollenaars en die prostitute het die lering van Johannes oor hoe om geregtigheid te bekom, geglo. Weereens lê Jesus die klem op geloof wat die onderskeid maak – soos met die centurio en die Kanaänitiese vrou. Maar let op: uit die gelykenis wat Jesus vertel het, is dit ook duidelik dat dade belangrik is – dit was die kind wat die werk van sy pa gedoen het, wat die erkenning ontvang het.

Kom ons lees Mat 7:21-23. Hier maak die Here Jesus 'n belangrike uitspraak wat ons in gedagte sal moet hou: Dit is nie diegene wat "Here, Here" sê wat deel is van die koninkryk van die hemele nie – nee, dit is diegene wat die wil van die Vader doen. Ja, soos ons gesien het is geloof belangrik, maar nou leer ons dat dade ook belangrik is – en die dade wat die onderskeid maak is dade wat in lyn is met die wil van die Vader. Let op, in verse 22-23 gaan Jesus verder en verwys na mense wat sal argumenteer maar hulle het die dade gedoen, en dit was boonop goeie dade – hulle het in die Here se Naam geprofeteer, duiwels uitgedryf, en kragtige dade gedoen – maar Jesus sê Hy het hulle nooit geken nie. Dink ook byvoorbeeld aan die ryk jongman in Mat 19:16 ev. Hierdie ryk jongman het getuig hy hou die wet van die Here getrou – en ons moet aflei hy het baie goeie dinge gedoen. En tog het Jesus geoordeel dat hy nie deel van die koninkryk was nie. Jesus het geoordeel dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan, as vir 'n ryk persoon om in die koninkryk in te gaan. Wat ons tot dusver gesien het, is die volgende: Om deel te wees van die koninkryk, hang nie van jou fisiese afkoms nie, dit hang nie af van jou beroep nie, dit hang wel af van jou geloof in Jesus as die middel waardeur jy geregtigheid kan ontvang, en dit hang ook af van jou dade – maar dit is nie sommer enige dade nie, dit is selfs nie voldoende as jy dade doen wat as goed gekwalifiseer kan word nie, selfs nie al meet jy dit aan die wet van die Here nie. Nee, ons kan aflei dit hang ook af van die gesindheid waarmee jy daardie dade doen.

Lees Mat 18:1-5. Die dissipels wou van die Here Jesus weet wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemele. Toe roep Jesus 'n kindjie nader, en Hy sê: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk ingaan nie. Dit is dus die mense wat soos kindertjies is, wat deel van die koninkryk kan word. Wat het Jesus daarmee bedoel? In vers 4 sê Jesus burgers van die koninkryk moet hulleself gering ag soos kindertjies doen. Dit is die gesindheid wat in die hart moet wees: gering in jou eie oë. Dit was nie waar van daardie mense wat geprotesteer het dat hulle in die Here se Naam geprofeteer, duiwels uitgedryf en kragtige dade gedoen het nie. Hulle was allermins gering in hulle eie oë, hulle het gevoel hulle verdien om deel te wees van die koninkryk. Dit was ook nie waar van die ryk jongman nie – hy was ook onder die indruk van sy eie prestasies van hoe goed hy die wet van die Here nagekom het. En dan voeg Jesus by: "En wie een so 'n kindjie in My Naam ontvang, ontvang My". Jesus sê nie net is hierdie nederigheid nodig om deel te wees van die koninkryk nie, diegene wat deel van die koninkryk is, moet ook bereid wees om na sulke nederiges om te sien. Ons sien dieselfde in Mat 20:20 ev toe Jakobus en Johannes saam met hulle ma na Jesus gekom het en gevra het dat hulle in die koninkryk aan Jesus se linker- en regterkant kan

sit. Duidelik was hulle van mening hulle verdien ‘n ereposisie in die koninkryk. Maar Jesus het hulle tereg gewys en gesê: “Wie belangrik onder julle wil wees, moet julle dienaar wees, en wie eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees”. Hulle moet bereid wees om te dien, soos wat die Seun van die Mens gekom het om te dien (Mat 20:26-28).

Miskien is die beste opsomming van hierdie gesindheid, die eerste saligspreking in die bergpredikasie: “Gelukkig is die armes van gees, want aan hulle behoort die koninkryk van God”. Dit is diegene wat bewus is van hulle geestes-armoede, en wat daarvolgens handel, wat deel is van die koninkryk van die hemele.

Kan ek opsom: Burgerskap van die koninkryk wat Jesus as Nakomeling van Dawid kom vestig het, hang glad nie af van jou afstamming nie, selfs nie al sou jy fisies van Abraham afstam nie – Kanaäniete en mense uit die ooste en weste is ook deel van die koninkryk. Dit hang ook glad nie af van jou beroep nie – daar is tollenaars en prostitute wat deel is, terwyl daar geestelike leiers, selfs teoloë, is wat nie deel is van die koninkryk nie. Dit hang wel af van hoe jy oor jou eie vermoëns dink om deel te kan word van die koninkryk: As jy dink jy kan deel word van die koninkryk deur jou voorbeeldige lewe gevul met selfs indrukwekkende dade, is jy definitief nie deel van die koninkryk nie. Jy moet nederig word oor jou nood en jou gebrek aan eie vermoëns, soos ‘n kind. In nederigheid moet jy in die geloof aan die Here Jesus vasgryp vir lewe en dood – soos daardie Romeinse centurio, soos die Kanaänitiese vrou. Daarna moet jy nederig diensbaar wees in die koninkryk, tot voordeel van selfs die geringstes in die koninkryk. Dit is hierdie mense wat deel is van die koninkryk. Inderdaad is hier die koninkryk nie net ‘n wêreldwye koninkryk nie, maar dit is ook ‘n wêreldvreemde koninkryk.

<u>Hoe word mense deel van die koninkryk?</u>

Ons het nou ‘n idee ontwikkel oor hoe mense burgers word van die koninkryk van die hemele. Alhoewel dit aan die een kant maklik klink (wees nederig, glo in die Here Jesus, en doen Sy wil), is dit terselfdertyd so moeilik: Dit is so maklik vir ons om ook maar net in dieselfde slaggat as die ryk jongman te val – na alles is ons tog nie so sleg in ons eie oë nie, nie waar nie? Of ons verval ook so maklik in die slaggat waarin Jakobus en Johannes geval het – ons sal tog waardige burgers van die koninkryk wees wat ‘n spesiale ereposisie verdien, nie waar nie? Besef jy hoe moeilik dit is om werklik, om met integriteit, so nederig soos ‘n kindjie te wees? Dit is nie voldoende om net vir ‘n wyle voor te gee jy is nederig nie – nee, jy moet in jou hart oortuig wees jy is niks meer as ‘n kind nie, ‘n kind wat totaal afhanklik is, en ‘n kind wat boonop ook diep skuldig is. Jy moet werklik arm van gees wees.

Die geskiedenis van die ryk jongman is weer nuttig om na te kyk (Mat 19:16 ev). Onthou wat Jesus gesê het hoe moeilik dit is om in die koninkryk in te gaan: dit is makliker vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te gaan. Dit is moeilik! Trouens dit is onmoontlik! Dit was ook die reaksie van die dissipels – hulle was uit die veld geslaan, en het gesê: “Wie kan dan gered word?” En Jesus se antwoord is kardinaal belangrik: “By mense is dit onmoontlik, maar by God is alles moontlik”. Jesus stem saam – dit is inderdaad moeilik, dit is inderdaad vir mense onmoontlik. Dit verg niks anders as ‘n werk van die Here God self nie. Hy sal elke burger van die koninkryk by daardie punt moet bring. As Hy dit nie doen nie, gaan die koninkryk nie groei nie. Nie net is Hy die Een wat die koninkryk beloof het nie, nie net is Hy die Een wat Sy Seun gestuur het om die koninkryk te vestig nie, nee Hy sal ook die koninkryk moet laat groei. Alle mense is te hoog in hulle denke oor hulle self, maar terselfdertyd ook te sondig om op eie meriete deel te kan word van Sy koninkryk. Hoe harder mense probeer, hoe verder slaan hulle die bal mis. Die Here sal self elke burger moet inbring, Hy sal hulle

elkeen tot nederigheid moet bring, Hy sal hulle van hulle sonde en hoogmoed moet oortuig. Anders is dit onmoontlik vir enigiemand om deel te word van die koninkryk. Maar hoe doen die Here dit?

Ons kry ‘n deel van die antwoord in die gelykenis van die koning wat rekenskap van sy slawe wou eis – lees Mat 18:23-27. Ons lees in hierdie verse dat die koning van sy slawe rekenskap geëis het, en die spesifieke slaaf waaroor die gelykenis handel was ‘n slaaf met ontsaglike hoë skuld – tienduisend talent. Dit is ook waar van elkeen van ons: ons het ontsaglike groot skuld voor die Here. Daar was nie ‘n manier waarop die slaaf kon betaal nie – daarom het die koning beveel sy vrou, kinders en al sy besittings moet verkoop word. Die slaaf het op die grond geval en gepleit dat die koning met hom geduldig moet wees. Al het hy ‘n belofte gemaak om alles terug te betaal, ‘n belofte wat hy nie sou kon nakom nie, het die koning hom innig jammer gekry en sy skuld kwytgeskeld. Dit is wat ons ook nodig het: Ons moet ook daardie punt bereik om nederig voor die Here te pleit vir genade. En dit is alleen as die Here ons dan jammer kry en ons skuld kwytskeld, dat daar enige hoop vir ons is. Die Here sal dit moet doen. Ek het gesê hierdie gelykenis gee aan ons net ‘n deel van die antwoord – en die rede hoekom dit net ‘n deel van die antwoord is, is in die res van die gelykenis lees ons hoe dat dieselfde slaaf nie bereid was om sy skuldenaars kwyt te skeld nie. Sien jy dat selfs die genadige kwytskelding van sy skuld was nie voldoende om die slaaf ‘n waardige burger van die koninkryk te maak nie. Sien jy hoe diep is ons probleem? Sien jy, ons is opnuut terug by vraagstuk 2: ons sondegeneigdheid – al word ons sondeskuld kwytgeskeld, soos die slaaf s’n (vraagstuk 1), al is die duiwel oorwin en gebind aan die kruis (vraagstuk 3), is ons steeds tot sonde geneig. Vraagstuk 2 is steeds ‘n saak waaroor ons moet besin. Daar is nog ‘n werk wat die Here sal moet doen. Genadiglik is daar nog ‘n verbond waaroor ons ook moet besin – die nuwe verbond. Ek hoop om dit dan verder aan te spreek. Ek volstaan nou deur net te sê daar is ‘n groot werk wat die Heilige Gees in burgers van die koninkryk moet werk.

Die punt is: Dit is die Here wat die nederigheid en die besef van sonde en nood in die mens moet werk, dit is ook die Here wat die geloof in die Here Jesus moet werk – alhoewel dit die mens is wat moet glo, dit is ook die Here wat die mens diensbaar moet maak – alhoewel dit ook die mens is wat diensbaar moet wees. Die Here werk nederigheid, geloof en diensbaarheid, maar die mens moet ook nederig wees, moet glo, en moet diensbaar wees. Kan ek dit so probeer uitdruk: Dit is die Here wat iemand burger van die koninkryk moet maak, die persoon is hoogstens ‘n medewerker wat saam met God werk, maar die mens ís ‘n medewerker – die Here verwag dit van die mens, maar die Here werk ook selfs dit in die mens.

<u>Hoe tree burgers van die koninkryk op?</u>

Ons het nou gesien dit is die Here wat mense burgers van Sy koninkryk maak. Maar ons het ook gesien die Here verwag ‘n sekere gesindheid van hulle, Hy verwag geloof van hulle, Hy verwag diensbaarheid van hulle. Ja, ons het nie in detail gekyk na hoe die Here hulle gesindheid verander nie, hoe Hy geloof in hulle werk nie, en hoe Hy hulle diensbaar maak nie – ek hoop om dit later in detail as deel van die nuwe verbond te bespreek – maar ons weet die Here doen dit deur Sy Heilige Gees.

Die vraag waaroor ek nou wil besin, is: Hoe tree burgers van die koninkryk op? Die Matteus-evangelie wys verskeie optredes uit:

Burgers van die koninkryk ag die koninkryk as van onskatbare waarde. Lees Mat 13:44-45. As iemand eers die koninkryk gesmaak het, wil hy dit eenvoudig hê. Al dit beteken hy moet alles verkoop om deel te kan wees van die koninkryk, dan doen hy dit met blydskap. Hy is m.a.w. bereid om enigiets prys te gee ter wille van die koninkryk – die koninkryk word vir die persoon sy hoogste prioriteit, en

hy span hom daarvoor in. Dit beteken o.a. hy wil steeds meer en meer van die koninkryk leer. En waar leer hy daarvan? Natuurlik in die woord van die Here. Dink aan die gelykenis van die saaier (Mat 13:1-9). In Mat 13:19 ev verduidelik Jeus die betekenis van die gelykenis, en dan noem Hy die saad wat gesaai word, "die woord van die koninkryk". Die punt van die gelykenis is dat die woord verkondig word en die saad val op verskillende plekke, maar dit is net die saad wat op goeie grond val, wat vrug oplewer. Lees Mat 13:24. Dit is net hierdie mense wat werklik burgers van die koninkryk is. Maar let op, hulle lewer vrug deurdat die saad van die woord ontkiem en vrug oplewer. Burgers van die koninkryk slaan dus ag op die woord van die Here – hulle verdiep hulle daarin, hulle bestudeer dit, om die sake van die koninkryk te begryp, en dit is as hulle dit begryp dat hulle vrug dra – dit is onder andere daardie vrugte van diensbaarheid waarvan ons vroeër gepraat het. Een deel van die woord van die Here is die gelykenisse wat Jesus vertel het. Toe die dissipels Jesus gevra het hoekom Hy juis gelykenisse vertel, het Hy geantwoord die doel met die gelykenisse is om aan die burgers van die koninkryk die geheimenisse van die koninkryk te verduidelik – dit is eenvoudig so dat nie alle mense die gelykenisse verstaan nie, nee, die Here moet deur Sy Heilige Gees die gelykenisse van die koninkryk vir die burgers van die koninkryk verstaanbaar maak. Maar weereens is dit duidelik die burgers moet hulle inspan om dit behoorlik te verstaan – netsoos met die res van die woord.

Hoekom is dit so belangrik dat die burgers van die koninkryk die sake van die koninkryk moet verstaan? Wel daar is twee redes:

- Eerstens: Die burgers moet verstaan hulle is op pad na die einde toe, en wanneer die einde kom gaan hulle deel wees van daardie bruilofsfees. Maar Jesus het dit baie duidelik gemaak in die gelykenis oor die bruilofsfees, dat net gaste wat bruilofsklere aan het, toegelaat sal word – Lees Mat 22:11-13. Die koning het die man sonder bruilofsklere summier uitgegooi. Uit Op 19:8 weet ons dat die bruilofsklere 'n simbool is van regverdige dade. Die punt is: die burgers bestudeer God se woord, sodat hulle kan leer wat goeie dade is, sodat hulle met die hulp van die Heilige Gees hulle hierin kan oefen, sodat hulle aan die einde van die tyd bruilofsklere sal hê om aan te trek. Hulle moet wees soos daardie 5 wyse diensmeisies in die gelykenis in Mat 25:1 ev wat selfs in die middel van die nag gereed was met olie vir hulle lampe toe die bruidegom opgedaag het.
- Tweedens: Daar is werk om te doen in die koninkryk. In Mat 25:14 ev het Jesus die gelykenis van die muntstukke vertel. Verskillende slawe het verskillende aantal muntstukke ontvang – afhangend van elkeen se vermoë. Maar die eienaar wat op reis was, het nadat hy teruggekom het van elkeen rekenskap geëis – dit was net diegene wat hulle muntstukke goed gebruik het wat deel kon word van hulle eienaar se vreugde, d.w.s. die bruilofsfees. Die burgers verstaan hulle het 'n taak om te verrig. Nie net moet hulleself groei in dade van gehoorsaamheid nie, maar die koninkryk moet verkondig word oor die hele wêreld heen. Dit is die taak van die burgers om die evangelie van die koninkryk te verkondig. Die burgers verdiep hulle in die sake van die koninkryk om hierdie verantwoordelikheid te verstaan, en om dan diensbaar te wees deur die verantwoordelikheid na te kom.

Maar dan is daar nog 'n taak waarmee burgers van die koninkryk besig moet wees. Lees Mat 6:9-10. Burgers van die koninkryk moet bid. Die Here Jesus het geleer een van die sake waarvoor die burgers moet bid, is juis die koms van die koninkryk. Ja, ons weet Jesus het reeds die koninkryk gevestig, maar as die burgers moet bid vir die koms van die koninkryk, beteken dit dat hulle juis moet bid dat die koninkryk sal groei tot sy volle glorie – tot daardie wêreldwye koninkryk. Dit moet gebeur enersyds deurdat elke burger van die koninkryk groei in hulle geloof en gehoorsame dade, maar dit beteken ook andersyds dat die koninkryk al hoe meer burgers sal hê wat deel word van die koninkryk deur die verkondiging van die evangelie van die koninkryk. Die volgorde van die eerste

drie bedes in die Onse Vader bly vir my aangrypend: Jesus leer ons om eerstens te bid dat die Here se Naam geheilig moet word. Dit maak sin dat dit die eerste bede moet wees – dit is immers so dat die hoogste prioriteit in die heelal is dat die Here se Naam groot gemaak word, dit is immers hoekom Hy alles gemaak het. Die tweede bede is vir die koms van die koninkryk. Hoekom is dit die tweede bede? Want dit is juis in die koninkryk wat die Here se Naam werklik geheilig sal word deur die burgers van die koninkryk wat oortuig is Hy is waardig om geëer te word. Hoe groter en sterker die koninkryk van die hemele is, hoe meer sal die Here se Naam geheilig word. Die derde bede is: "Laat U wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde" Hoekom is dit die derde bede? Wel, die Here se Naam sal geheilig word in die koninkryk van die hemele, as die burgers van die koninkryk juis die wil van die Here doen (d.w.s. as hulle juis hulle bruilofsklere voorberei om aan te trek na die bruilofsmaal). Die Naam van die Here sal volle heil ontvang, as die koninkryk voltallig is, as die koninkryk werklik 'n wêreldwye koninkryk is, waar almal werklik presies die wil van die Here doen. Natuurlik word daardie punt eers volledig bereik met die wederkoms.

Afsluiting

Geliefdes, ek wil hiermee volstaan wat betref ons studie oor die Dawidverbond. Ek vertrou dat die oordenking hiervan vir julle nuttig was. Ek voel soms ons lê baie klem op die Hoëpriesterlike werk van die Here Jesus – d.w.s. die feit dat Hy mens geword het en vir ons sondeskuld versoening gedoen het. Natuurlik is dit baie kosbaar, en baie belangrike werk. Maar Hy het ook as Koning gekom. Ek voel soms ons lê nie genoeg klem op die Dawidverbond nie – ja, ons weet Jesus is die Nakomeling van Dawid - maar waardeer ons werklik hoe verreikend die feit is dat Hy ook as Koning gekom het. Nie net het Hy as Koning die duiwel oorwin nie, maar Hy het ook Sy koninkryk kom vestig – 'n wêreldwye maar ook wêreldvreemde koninkryk. En ons as gelowiges is burgers van daardie koninkryk en Hy het verskeie verwagtinge van ons as burgers van hierdie koninkryk. Kom ons verlustig ons ook in die werk van die Here Jesus as koning, en ons maak groot erns met ons verantwoordelikhede as burgers van Sy koninkryk – die koninkryk van die hemele.